# Bio-Blog

April 2024

**Om aandeelhouers van die RBX Groep op hoogte te hou**

## Nota van die Besturende Direkteur

Dit is moeilik om te glo dat ons die laaste maand van SIT-produksie vir die seisoen betree. Ten spyte van 'n uitdagende begin het ons daarin geslaag om genoeg hektare op te teken. Dit het ons in staat gestel om die SIT-program suksesvol aan meer as 20 000 hektaar, gedurende hierdie seisoen, te lewer. Verder het ons 'n aangepaste verspreidingsmetodologie geïmplementeer wat meer in lyn is met die navorsing wat gedoen was in die vroeë 2000's, wat veskil van die benadering van die afgelope 5 seisoene. Tot dusver was die resultate in alle valleie goed. Die produsente se terugvoering tydens onlangse interaksies was ook komplimentêr teenoor die hele program.

**Welgedaan aan die hele span!**

CHEERS, ROB


## XSIT Verteenwoordig by die 2024/25 Wes-Kaape Landbou Begrotingstoespraak

Die Wes-Kaapse regering het hierdie seisoen 'n groot bydrae gelewer om ons SIT-program meer bekostigbaar vir produsente te maak. Hul skenking is verdeel onder alle produsente in die Wes-Kaap wat die SIT-program gebruik, ongeag die gewas wat hulle produseer.

Ons was geëerd om`n besoek aan ons fasiliteit te ontvang van Dr. Ivan Meyer, die Wes-Kaapse Minister van Landbou, Dr. Sebopetsa, die hoof van sy departement, asook 'n groot groep lede van die landboudepartementspan.

XSIT is onlangs genooi om die bekendstelling van die nuwe landboubegroting vir 2024/25 by te woon. Ons span het ook die geleentheid gehad om deel te neem aan die uitstalling buite die lokaal, wat daarop gemik is om die projekte waarby die provinsiale regering betrokke is, te vertoon. Rob Elfick, Alex Kotze en Lukhanyo Nkombisa, van die CGA Grower Development Company, het hierdie geleentheid bygewoon.

**SIT word gesien as die basis vir 'n geïntegreerde pesbestuursbenadering om Vals Kodlingmot te bestuur, dit tesame met boordsanitasie. Die groot uitdaging is om`n bekostigbare program te verseker, wat dit ekonomies moontlik sal maak vir alle produsente in 'n gebied om by SIT aan te sluit. Vennootskappe, soos die een wat XSIT met die WCDoA het, is van kritieke belang om dit 'n werklikheid te maak. Ons sien uit daarna om in die toekoms saam met hierdie dinamiese span te werk.**









## Ons Voorsien Opvoedkundige Hulpmiddels aan Leerders vir 'n Helderder Toekoms

Die RBX-span was aktief binne die Addo-gemeenskap en het Nomathamsanqa Educare-Sentrum met skryfbehoeftes en opvoedkundige materiaal voorsien. Ons is toegewyd aan die ondersteuning van vroeë kinderontwikkeling en is dankbaar vir die geleentheid om 'n verskil te kan maak



### April Verjaarsdae

Lazani Barnard, Christel Oosthuizen, Ntombentsha Befile, Granville Mentoor, Enrich Scholtz, Peter Basson, Alushka Stoltz, Lee-Anne Carolus, Kyle Goulding, Grayzill van Wyk, Nceba Ngquse, Redawaan Valentyn, Mushe Tshilonga, Brian Fortuin, Zelmari Persens, Ruben Terblanche, Nomazotsho Tatsi, Thando Mngqeba, Tracey-Lee Paulse, Marius Tsobo, Jeanetta Laubser, Patrick Langklaas, Lindelwa Tutu

**Trotse Lede van die CGA Groep van Maatskappye**

River Bioscience | xsit x sterile insect technique